

Maandelikse gemeentebrief Februarie 2018

En so is dit Februarie... somer met net 'n oogknip is Januarie verby. Alles is weer volstoom aan die gang, asof daar nooit 'n blaaskans was nie. Die jaar het met 'n spoed begin en die gemeente is gerat om by te bly. Meer nog: die gemeente is gerat om jou rusplek, jou hawe, jou afpakplek en jou tuiste te wees in 'n dolle wêreld. Ons wil vir jou tyd teruggee en jou help bybly in 2018.

Ons skop die jaar af met 'n preekreeks "Geroep vir 'n tyd soos hierdie", in al die fasette van jou lewe – in jou huis, by jou werk, in jou vriendekring en daar waar jy nie wil wees nie. Ons wil jou help om Christelike gewoontes uit te leef, die lewe saam met jou vier, jou moed gee en jou help om God daagliks op onverwagse plekke raak te sien.

Ons is opgewonde oor wat besig is om in die gemeente te gebeur. Ons het tot op hede 567 kinders in die KIX-kerk en 150 in JONKX. Meer as 40 jong werkendes het saam gebrui. Ons het reeds begin met ons gesinsdienste en die volgende een is 25 Februarie; moet dit nie misloop nie. S1, Ds Ferreira se band, stel op 11 Februarie om 17:30 tydens die aanddiens hulle CD bekend. Dit lyk of die jeug reg is vir groot dinge.

18 Februarie is VISIE-Sondag. Ons gaan saam opgewonde raak oor "Lewe vir die Stad" en wat dit vir ons almal inhou. By dié geleentheid vier ons ook nagmaal by al die dienste. As-Woensdag is op 14 Februarie, die dag van die liefde. Daar was nog nooit 'n groter liefdesdaad as juis Jesus se lyding vir ons nie. Ons kom om 19:00 in die kapel bymekaar om die lydenstyd saam te begin. Die eerste kerkraadsvergadering vind op die 22ste Februarie plaas.

My gebed vir jou in hierdie maand van die liefde is 2 Tessalonisense 3:5:

Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!

Ek lees in een van my boeke die volgende woorde: "Jy is net een goeie keuse weg van die pad van volharding. Maar maak nie saak hoe ver jy van die pad af is nie of hoe lank jy al op die verkeerde pad is nie, God wag geduldig en Hy is eindeloos lief vir jou – want jy is sy kind". Dit is wat ek vir jou bid vir hierdie maand en hierdie jaar. Goeie keuses, wat jou nader sal bring aan waar jy wil wees. Dat jou keuses jou drome sal laat waar word. Dat God jou gedagtes so sal aanraak dat jy deur die genade en liefde van God gedring sal word. Dat die keuses wat jy maak jou weer gesond sal maak, dat dit jou verhoudings sal laat groei, dat jy tevrede sal wees en dat jy sal beleef dat jy genoeg is en genoeg het.

Jy is geroep vir 'n tyd soos hierdie, jou hierwees en jou deelwees is nie toevallig nie. Mag jy toelaat dat God jou gebruik. Mag NG Weltevreden, jou geloofs-gemeenskap, jou sagte tuiskoms wees en mag ons saam ons gedagtes rig op God se liefde.

Groete, genade en vrede vir jou!

Hettie Wessels
Spanleier en Gemeentewees